

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 2

COVID-verligting kom

Pres. Ramaphosa sê dat van die vlak vier regulasies sal verslap word om meer ekonomiese aktiwiteite toe te laat.

>>> BLADSY 2

Heilbron se veiligheid opgeskerp

Die eerste drie kameras is geïnstalleer in Heilbron en word gemonitor deur Heilbron Beheerkamer.

>>> BLADSY 8

Die Mielieblaarklub

As jy nog nie gehoor het van die mielieblaarklub nie, dan is daar nie fout met jou nie, net 'n bietjie jonk!

GAUTENG TOETS WAS COVID-POSITIEF



Inwoners van Heilbron is bekommerd nadat hulle gehoor het dat 'n persoon van Heilbron Covid-positief getoets het in Gauteng. Sy was in Vlak 5 van lockdown by haar familie wat in die Airport-buurt van Phiritona in Heilbron bly. Met die aankondiging van Vlak 4 en die moontlikheid dat sy na haar werk in Gauteng kan terugkeer, is die persoon op 27 April in Heilbron getoets vir Covid en was die uitslag negatief. Sy is op aandrang van haar werkgever weer getoets op 7 Mei in Gauteng en die uitslag is ontvang op 11 Mei, wat toe positief was. As voorsorg word al haar familie op Heilbron en persone met wie sy in kontak was, ook nou getoets. Die uitslag sal teen Maandag bekend wees. Die vermoede bestaan dat sy die virus na haar terugkeer in Gauteng opgedoen het.

VROU SKIET MAAT NA ARGUMENT

KOEËL NOG IN DIE HART

Bennie de Klerk (48) van Raubenheimerstraat Heilbron, lê tans in die intensiewe sorg van die Netcare Union Hospitaal in Alberton, met 'n koeëlpunt in sy hart. Hy is verlede Sondag by sy huis deur sy huismaat, Debbie Mouton (49), na 'n argument in die bors geskiet. Debbie het self die plaaslike SAPD gebel en aan hulle gesê dat sy haar vriend geskiet het. Die voorval het omstreeks 17h20 gebeur. Met die polisie se aankoms op die toneel was Bennie nog by sy volle positiewe en met hulle gepraat oor die insident. Hy is eers by die plaaslike hospitaal opgeneem, maar is

later per helikopter oorgeplaas na die Netcare trauma hospitaal. Dokters kon nog nie opereer nie, hulle wag dat die swelling in sy hart sak en sal die koeëlpunt in alle waarskynlikheid oor die naweek verwyder. Debbie het reeds op 4 Mei in die plaaslike landdroshof verskyn op aanklagtes van poging tot moord, die besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen en die afvuur van 'n wapen in 'n woongebied. Die saak is uitgestel tot 29 Junie vir verdere ondersoek. Sy is vrygelaat op borgtog van R1 000. Daar is ook beslag gelê op 'n .38 Special rewolwer. Bennie sal by sy ma Hilda aansterk na die operasie.



Foto's: Facebook

19de PRODUKSIEVEILING
Don. 11 JUNIE 2020 om 11:00
SUNNYSIDE, Heilbron
8km vanaf Heilbron op die R725 (GPS S27° 20'14" E27° 58'00")

Besigtigingsdag: 10 Junie 2020, 15:00

20 Bulle
(Fase D getoets)

250 Vronlike diere
(alle produksiestadia)

200km Gratis Aflewering
Villing dok blmvtv. www.bmvtv.co.za

NAVRAE:
Bekkie Strydom 082 328 4998
Jan Grobelaar 060 965 6207

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Rep. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

NOG VERLIGTING KOM

President Cyril Ramaphosa spreek die nasie toe op 13 Mei 2020 rondom die nuutste verwikkelinge oor die COVID-19 pandemie in die land. Inperking in dele van die land sal teen einde Mei verlaag na vlak 3, terwyl die groot metropolitaanse gebiede waar infeksiegetalle hoër is en vinniger styg nog sal bly op vlak 4. Hierdie aankondigings is gemaak tydens sy toespraak. Dr. Pieter Groenewald, VF Plus-leier meen in 'n mediaverklaring uitgereik op 13 Mei dat hierdie besluite irrasioneel is en te stadig om langtermyn-skade aan die ekonomie te voorkom. Pres. Ramaphosa het ook verder in sy toespraak aangedui dat van die vlak 4 regulasies sal verslap word om meer ekonomiese aktiwiteite toe te laat. Dit wat verseker in plek bly vir vlak 3 is steeds sosiale afstand tussen mense, geen kontak, sanitasie en ontsmetting in die werksplek, die dra van 'n gesigsmasker en basiese higiëne wat deel moet wees van elke Suid-Afrikaner in sy woon- en werksomgewing. Teen druktyd het die aantal positiewe gevalle van die virus op 12 074 gestaan met 219 aangemeld as oorlede. Pres. Cyril het ook aangedui indien die inperkingsperiode nie geïmplementeer was 7 weke gelede nie, is die beraming dat daar tot dusver ongeveer 80 000 positiewe gevalle sou wees. As daar gekyk word na die konsepdokument wat




VAN DIE REGULASIES SAL VERSLAP WORD
OM MEER EKONOMIESE AKTIWITEITE
TOE TE LAAT

in April uitgereik is en ook beskikbaar is op www.sacoronavirus.co.za oor regulasies ten opsigte van die verskillende vlakke van regering, kan vlak 3 moontlik vir Suid-Afrikaners dalk ook verligting bring op alle landbou-, jag-, bosbou-, hengel- en verwante dienste. Kitskosrestaurante en aanlyn-aankope afleveringsdienste word op dié vlak toegelaat om dienste te lewer. Vir meeste handelaars word die verkope van produkte soos klere, boeke, kantoortoerusting, chemikalieë, sement en staal toegelaat. Dalk sal sigarette en tabakprodukte ook weer 'n kans

kry om op die rakke te verskyn. Nasionale vlugte word toegelaat, met beperkings op die hoeveelheid passasiers per vlug. Daar is nog geen sekerheid oor hoe skole met die jaar gaan voortgaan nie, maar die jongste nuus gee deur dat Angie Motshekga oorspronklik beoog om graad 7 leerlinge en matrikulante op 1 Junie na skole te laat terugkeer. Die voorlopige terugkeer datum vir onderwysers is 25 Mei. Hierdie planne moet egter nog aan die koronavirus-bevelsraad voorgelê word. Lesers moet egter onthou dat geen vlak 3 regulasies nog regtig bevestig is nie en daar met geen sekerheid gesê kan word watter

bedrywe tydens die inperking toegelaat sal word vir besigheid nie. Om sekerheid te hê sal gewag moet word vir onderskeie ministers om die regulasies aan te kondig en in die Staatskoerant gepubliseer te word. Wanneer daar gekyk word na die COVID-19 gevalle in die Vrystaat blyk dit Heilbron is nog veilig. Met almal se poging om die kurwe af te plat staan die Vrystaat Provinsie tans op 137 positiewe gevalle. In die Fezile Dabi distrik is daar slegs 5 waarvan daar onder andere 3 in Kroonstad bevestig is en 2 in Sasolburg. Elkeen word herinner om ten alle tye goeie persoonlike higiëne toe te pas.



VEILIGHEID WORD OPGESKERP

Die Heilbron-gemeenskap fokus altyd daarop om die dorp 'n beter en veiliger plek te maak. Die eerste drie kameras is geïnstalleer in Heilbron en word gemonitor deur Heilbron Beheerkamer. Een van die Vegkop-woongebied-ingange is gedek met 2 kameras en 'n derde is opgesit by die Beheerkamer self. Hierdie is 'n toetslopie aangesien die SAPD altyd Tampies Swart kontak om te hoor of daar kameras by sy huis opgesit is wanneer inbrake plaasvind in die Vegkop-uitbreiding. Hierdie projek word deur die Dorpswag gefinansier en sou nie moontlik gewees het sonder die Dorpswaglede nie. Hierdie inisiatief is reeds vir ses maande in die pyplyn, maar met die verwagting van nuwe tegnologie en

ook die kostes van die toerusting waarvoor begroot en gespaar moes word, kon dit onlangs eers 'n werklikheid word. Daar is verseker dat die kameras nooit sal af wees nie, aangesien die Beheerkamer se toerusting aan batterye gekoppel is en 'n kragop-wekker in plek is indien batterye afloop. Die dorpswag-bestuurder, Willem Tampies Swart, sê: “Die hoofdoel is om misdaad te bekamp”. Daar word beoog om binnekort Langmark- en Kerkstaat ook te monitor, waarna later ook die hoofingange van die dorp gedek sal word. Om 'n bydrae te lewer tot die projek óf om deel te word van die Dorpswag-span, kan die Beheerkamer gekontak word.



BEEN WORKING FROM HOME
SINCE BEFORE LOCKDOWN?

DRIVE CHAIR

Great Value Typist chair with gas height adjustment.
3 Year warrantee on faulty components.
Available in: Orange, Sand, Charcoal, Teal, Limette

Now only **R2200** incl Vat

ORDER YOUR HOME
OFFICE FURNITURE TODAY

058 852 3033 | finance@heilbron.co.za

Great for the office, great for your home. The best for your home office!

SPAR 

WE'RE TURNING SHOPPING INTO CARS!

In dié moeilike tye is ons nog steeds daar vir jou met ons SPAR Wen 'n Kar kompetisie

KOMPETISIE STREK VANAF 21 APRIL TO 7 JUNE 2020

SPAR 

KOOP MY OM TE WEN

SPAR Vars Melk met Verlengde Raklewe Slegs Volroom of Lae-Vet 2 liter

24⁹⁹ elk

KOOP MY OM TE WEN

Bokomo ProNutro 500 g

33⁹⁹ elk

KOOP MY OM TE WEN

Vyf Rose Lynlose Teesakkies 100

34⁹⁹ per pak

KOOP MY OM TE WEN

SPAR Butcher's Best Rooi- of Gerookte Weense Worsies 500 g

R26⁹⁹ per pak

Kry 'n ekstra R2^{at}

R24⁹⁹ per pak

KOOP MY OM TE WEN

SPAR Macaroni of Spaghetti 500 g

KOOP ENIGE 2 VIR

18⁰⁰

Die **Skottel** wat alles doen



KOOK **BERG** **WAS** **VRIES**

KOOP KRY 'N FLAKKER VIR ELKE R100 WAT JY SPANDEER

VERSAMEL 15 PLAKKERS EN VOLTOOI JOU VERSAMELKAART

SPAAR 55% WANNEER JY 'N PYREX® SKOTTEL KOOP

Promosie begin 10 Maart en eindig 14 Junie 2020. Voltooiende versamelkaarte kan tot 20 Junie 2020 ingesluit word. Promosie kan nie uitgeleë word. SPAR, SUPERSPAR, KWIKSPAR, SPAR EXPRESS en KORE is SPM-afdelings onder PYREX se eienaar. Promosie kan nie gebruik word vir SPAR, SUPERSPAR, KWIKSPAR, SPAR EXPRESS en KORE se eie produkte. Promosie is slegs geldig op die SPAR se eie produkte. Promosie is slegs geldig op die SPAR se eie produkte. Promosie is slegs geldig op die SPAR se eie produkte.

SPAR 

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.

ELKE DEELNEMENDE PRODUK WAT JY KOOP GEE JOU NOG 'N WENKANS!

Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 12 Mei tot en met 17 Mei 2020, terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. Nie beskikbaar in die Upington of Keimoes area, KwaZulu-Natal, die Laeveld of die Wes- en Oos-Kaap nie. TV produkte landwyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in.



UIT DIE PEN

En nou swem ons nog rond op vlak 4. Wat dit ook al mag beteken. Ons strate raak al hoe besiger en die winkels buzz weer van die inkopiegangers. Met slegs een verskil: elkeen het 'n maskertjie aan. Ja, dieselfde ding wat my so pla en irriteer.

Ek het verlede week gehoor dat elke persoon so 'n masker moet aanhê en, het ons agbare minster van Vervoer gesê, dit is nou wet. Vanoggend hoor ek oor die radio dat daar glad nooit so 'n wet onderteken is nie. Dus mag die polisie of weermag jou versoek om 'n masker te dra, maar jy mag nie beboet of in die tronk gestop word omdat jy nie 'n masker aan het nie. **En daar is winkels wat hulle eie reël het:** jy moet soos die gemaskerde wonder lyk voordat jy mag ingaan. Hou daarby.

Gepraat van tronke: hoe ironies het ons land geword. Die misdadigers mag nou op parool vrygelaat word (behalwe mnr. Walusz wat al donkiejare gelede parool moes gekry het). Dus word die skuldiges nou vrygelaat en ander onskuldiges (wat perdalks net 09:02 in die straat opgemerk is) word nou in die tronk gegooi. Ek verstaan daardie nie mooi nie.

Net soos die nuwe reëls oor watter klere tans verkoop mag word. **Die klerepolisie het via die agbare minister Patel, onder andere, die volgende riglyne daargestel oor watter klere aangekoop mag word:**

- Klere en skoene vir babas en kleuters
- Alle klere vir kinders
- Kraamdrag
- Nagklere en onderklere vir volwassenes
- Enige skoene, solank dit die hele voet bedek
- Winteragtige (kry mens so 'n woord?) klere, en kortmouhempe, solank jy dit onder 'n ander kledingstuk kan dra en ander bykomstighede

GEREELD IN DIE HERALD

"WEEK SEWE" KERKNUUS

Hier is 'n vraag: as jy 'n kortmouhemp koop en nie van plan is om dit onder iets anders te dra nie, gaan iemand jou aankla? Of as jy sandale gaan dra, wie gaan jou aangee? Gaan daar iemand saam met jou huis toe om te gaan inspeksie hou?

Ek is nie so vreeslik onnosel nie, maar ek kan dit glad nie verstaan nie. Miskien moet ek nie. Net so min wat ek kan verstaan hoekom die virus tussen 06:00 en 09:00 latent is. Sodra die kolk 09:00 slaan, kom die virus uit en slaat elkeen wat nog in die straat durf loop, katswink.

Die ander dag het ek na 'n webinar geluister wat deur kenners op The Daily Maverick aangebied is. Soos my hartsvriendin sê: vir die eerste keer praat iemand wat sin maak. Ek gaan dit gou probeer opsom.

Die kanse is beter dat iemand aan TB gaan dood neerslaan as van COVID-19, want tans word daar omtrent 50% minder TB toetse gedoen as wat daar in 2019 gedoen is.

Minder as 30 000 van alle geïnfekteerdes was kinders (as my Wiskunde reg is, is dit ongeveer 1,3% van 2 461 568, die aantal mense wat tot met Woensdagaand, 13 Mei 2020, nog aan COVID-19 gely het – nie diegene wat alreeds herstel het nie). Gaan kyk gerus op www.covidvisualizer.com. Met kinders bedoel ek jonger as 18 jaar. Slegs 3 van die oorledenes in die VSA was kinders onder 18 jaar.

Kinders word baie min siek van COVID-19. Daar is ook nie tans studies wat aantoon of hulle vektore (oordraers) van die siekte kan wees nie. Hulle gaan doodgaan aan wanvoeding.

Volgens epidemioloë word daar drie tot vier infeksiesiklusse verwag. Dit is belangrik dat 'n bevolking 'n gesamentlike immuniteit moet verkry. Daarom moet ten minste 60% van daardie individue in die bevolking die siekte kry. Hulle moet positief daarvoor toets. Onthou: 70% van alle infeksies is asimptomaties, met ander woorde hulle toon geen simptome nie. Slegs 25 uit 'n 1000 geïnfekteerdes land in die hospital.

Wat was dan die doel van die grendeltydperk? Hulle meen dat dit was om gemeenskappe geslote te hou en om die hospitale gereed te kry vir opname van infeksies.

Wat SA so effens anders maak as die VSA of Engeland of China is dat alles bietjie stadiger hier is. Die ideaal is dat elke toetsuitslag tussen 12 en 24 uur beskikbaar sal moet wees. Op hierdie manier word die

aantal persone met wie die geïnfekteerde in kontak was drasties verminder.

In SA neem die toetsresultate tussen 12 – 14 dae. Dit raak nou baie moeiliker om ten minste 120 persone op te soek waarmee die geïnfekteerde in aanraking was.

Die groot vraag is nou: Hoekom het die Wes-Kaap die hoogste infeksiesyfer? Want Wes-Kaap doen bloot meer toetse as in Gauteng of enige ander provinsie. Gaan kyk by <https://mediahack.co.za/datastories/coronavirus/dashboard/>. Suid-Afrika doen slegs 5 513 toetse per miljoen mense. Wes-Kaap toets 833 persone per 100 000 en Gauteng 608 per 100 000. En vir my maak die statistiek hier meer sin as die lys klerasie wat ons mag koop: Meer toetse, meer positiewe toetse.

Wat is die doel van my hele relaas? Ek is nogsteeds nie bewebroekiebang vir COVID-19 nie. Wat my aanbetref kan ons agbare Minister van Onderwys die skole oopgooi: die kans dat die kinders gaan siek word, is minimaal. As jy 'n bang (versigtige?) onderwyser is, behou jou fisiese afstand, maak jou hande skoon en dra 'n maskertjie, as dit jou sal laat beter voel.

Want hierdie ding gaan nog so rukkies met ons wees. Onthou: 3 tot vier infeksiesiklusse. Ons is nou midde-in die eerste een.

Ons begin Maandag amptelik uit die kantoor werk. Aan die een kant is ek so half hartseer oor die by-die-huis-werk verby is. Aan die ander kant gaan dit 'n welkome verandering wees.

So, net voordat jy teruggaan werk toe, maar gougou hierdie heerlike knoffelbroodjie saam met Saterdagdaand se braaivleis. Sonder wyn en bier.

- 1 Franse brood (of enige ander lekker brood), in skywe gesny, maar nie tot onder nie
- Lekker sterk knoffelbotter
- 2 koppies gerasperde kaas (cheddar of gouda of mozzarella of wat jy ook al het)
- So drie eetlepels mayonnaise
- 1 blikkie gerookte mossels of oesters
- 1 tamatie, in skyfies gesny
- Smeer knoffelbotter tussen die snye brood. Meng die kaas en mayonnaise en prop dit tussen die knoffelbottersnye in. Sit tussen elke tweede sny 'n tamatieskyfie in en in die alternatiewe skyfies kom 'n mossel of 'n oester. Maak toe in foelie en plaas in 'n warm oond totdat dit deurskynend is. So by 180°C vir ongeveer 20 minute. Of sit dit op die kole.

Kaas dit, en geniet dit.

- NG MOEDERGEMEENTE**
Eredienste - Kontak u predikant.

NG SUID
Eredienste - Kontak u predikant.

GEREFORMEERDE KERK
Eredienste - Kontak u predikant.

**NEDERDUITSCH
HERVORMDE KERK**
Eredienste - Kontak u predikant.

AGS, PLEINSTRAAT 72
Eredienste - Kontak u predikant.

CHRISTUS GEMEENTE
Eredienste - Kontak u predikant.

AP-KERK
Eredienste - Kontak u predikant.

METHODIST CHURCH
Contact Pastor Chris Schutte
082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK
PHIRITONA**
Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE
GEMEENTE**
Kontak pastoor.

**EVANGELIES
GEREFORMEERDE KERK
FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
Kontak Ds Pieter van Wyk
083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN
Kontak Pastoor Nico Theron
Sel: 082 880 6477

PENTECOSTAL CENTRE
(Assemblies of God, Sandersville)
Kontak Pastoor B. Bentosha
058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE
Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH
MISSION SANDERSVILLE**
Kontak Pastoor Joey Pienaar
082 673 2321 of Evangelis
Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK
FRANKFORT**
Kontak JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/
MESSIANIC BELIEF**
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

Heilbron Dienssentrum
Breëstraat 57
Tel : 072 220 7272

Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz
Kontak: Petro Pretorius 082 325 1322

DIENSTE

GiG Technologies
Wireless Internet

Connect to the all your devices of choice

Jenny
Wireless Internet

Connect to the all your devices of choice

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron Tel: (058) 852 3033/4/5 Faks: (058) 853 0140 www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
Celéste herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Silma heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 15 Mei	5 / 22	Sonnig
Sa 16 Mei	3 / 22	Sonnig
So 17 Mei	4 / 23	Sonnig
Ma 18 Mei	4 / 23	Sonnig
Di 19 Mei	6 / 22	Sonnig
Wo 20 Mei	11 / 22	Sonnig
Do 21 Mei	8 / 21	Sonnig
Vr 22 Mei	9 / 22	Gedeeltlik bewolk
Sa 23 Mei	8 / 20	Koel
So 24 Mei	2 / 14	Sonnig
Ma 25 Mei	0 / 14	Sonnig

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK**

FATHER'S DAY

SUNDAY 21 JUNE 2020

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

HUIS TE HUUR BETHLEHEM
Huis te huur in aftreeoord in Bethlehem.

NAVRAE:
Me Stafford
083 330 9296 of

Mnr De Wet
076 119 5282
K0714

Vir die vervoer van vee en graan asook algemene vervoer met vrag versekering kontak Jacques 0826263215

Juané Vervoer
082 626 3215

LOCKDOWN (COVID-19)
SANBS is Essensiële Diens

Skenk bloed in Heilbron
Dinsdag 26 Mei 2020
&
Donderdag 28 Mei 2020
NG Suid Kerkzaal, Heilbron
13:00 – 18:00

SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Help SANBS om in plaasdelokale voorsiening deur bloedskenkering te ondersteun.

sanbs.org.za
Toll free: 0800 11 7031

Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

TE KOOP

ILE DE FRANCE OOIJTJES TE KOOP
32 Ile De France ooitjies
8 maande oud.
Kontak Kobus 082 7080 442

Canvas Special

1x A2
1x A3
3x A4

Fulltime Herald 030 032 3003

T4 INFRARED FOREHEAD THERMOMETER

FEATURES:
- Temperature reading can be done without contact
- Infrared sensor
- Measurement time: Less than 1 second
- Large digital colour display
- One button measurement
- Easy to use

PRICE UPON REQUEST
082 239 8252
Tasman/Peter/Kathleen/082 239 8252

Office National

SMALLS EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

WEISSENTRAL

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koepkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777

Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127

Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054

Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207

Afslaer

BESIGE BYE VERDIEN ONS BESKERMING

WÊRELDBYEDAG - #POLLINATIONSA



Wêreldbyedag word vanjaar op Woensdag, 20 Mei, gevier. Die dag is daarop gemik om bewustheid oor ons dalende byepopulasie te verhoog, en erkenning te gee aan hoe belangrik hierdie bestuiwers vir volhoubaarheid op aarde is. Candide, die gratis tuinmaaktoep wat tuiniers in kontak hou, stel op dié dag #PolliNationSA bekend, ’n tien maande lange veldtog wat tot Maart 2021 sal aanhou. Die doel daarvan is om ’n minimum van 100 000 Suid-Afrikaners te werf om bona fide byebeskerms te word. Hoe doen mens dit? Al wat jy nodig het, is die Candide-toep en ’n byevriendelike plant. “Die belangrikheid van ’n gesonde byepopulasie kan nie onderskat word nie,” verduidelik Shani Krige, Candide se hoofbemarker. “By Candide is ons daaraan toegewy om tuiniers te help om beskutte ruimtes in alle vorms en groottes te skep, en dit is sinvol dat ons verseker dat ons geliefde bye deel daarvan is.” Dit is ’n onweerlegbare feit dat ons bye nodig het om te oorleef. Hulle bestuif meer as een derde van al ons voedselgewasse (dit is een in elke drie happe kos) en sowat 90% van ons veldblomme. “Daai appel ’n dag wat die dokter laat wag, die wortels en komkommers, knoffel, druiwe, olywe, uie, aarbeie, spanspekke, neut... alles sal verdwyn, saam met baie ander dinge wat ons elke dag eet, as ons bye verdwyn,” sê Krige. Dit kan nie makliker wees om betrokke te raak nie. Die #PolliNationSA-veldtog is werklik vir almal bedoel. Dit werk so:

1. As jy nog nie deel van die Candide-gemeenskap is nie, laai die gratis Candide-toep by die Apple Store of Google Play Store af.
2. Neem ’n foto van ’n byevriendelike plant in jou tuin, op jou stoep, op jou vensterbank of op jou balkon. Byevriendelike plante en blomme sluit onder meer in aalwyne, vygies, clivias, madeliefies, proteas en roosmaryn. Candide het massas inligting oor byevriendelike plante. Jy kan ook meer as een plant oorweeg om te verseker dat daar regdeur die jaar iets vir die bye in blom is.
3. Deel die foto op die Candide-toep en gebruik die hutsmerk #PolliNationSA.
4. Nadat jy die foto opgelaaai het, sal jy ’n #PolliNationSA-ikoon ontvang wat by jou Candide-profielfoto gevoeg sal word en jou bestuiwerstatus sal bevestig.

Jy sal ook outomaties by die veldtog se landkaart gevoeg word wat die omvang en verspreiding van hierdie groeiende beweging aandui. “Hoe meer mense ons betrokke kry, hoe meer byevriendelike ruimtes skep ons,” sê Krige. Hier is ’n paar wenke om jou te help om te verseker dat wat jy skep, hierdie besige goggatjies lok... soos ’n by na heuning!

BEWAAR ONS BYE

- Wees anders... plant soveel as moontlik verskillende kruie, plante, struik en bome wat blom.
- Wees kreatief... bou jou eie byelokboks. Die eenvoudige stappe om dit te doen is op die Candide-toep beskikbaar. Hang dan jou lokboks teen ’n sonnige muur waar dit teen die reën beskerm is.
- Wees versigtig... vermy insekdoders, plaagdoders en chemikalieë wat giftig vir bye is. Laat dele van die tuin wild groei.
- Wees bewus... ken verskillende onkruid, en maak seker jy trek nie dié uit wat groot bronne van stuifmeel en nektar is nie.
- Wees sensitief... moenie somer ’n swerm verwoes nie. Kontak eerder ’n ekovriendelike byeboer wat die swerm na ’n veilige plek sal neem.
- Wees gaaf... wees op die uitkyk vir en beskerm bye se natuurlike habitatte.
- Wees ondersteunend... en koop plaaslike heuning.
- Wees sosiaal... kry meer inligting op die Candide-toep, en deel ook jou eie bevindings.
- Wees vokaal... versprei die woord!

“Met #PolliNationSA hoop ons om bestaande bewustheid aan te vul en almal ’n geleentheid te gee om by iets betrokke te raak wat werklik die moeite werd is,” sê Krige.

So komaan, gryp jou foon, maak die Candide-toep oop en help om #PolliNationSA ’n plaaslike sukses te maak. Vir meer inligting besoek www.candide.co.za, stuur ’n e-pos na hello@candide.co.za, volg Candide op Instagram @candideappza en kliek “hou van” op Facebook @candideappza en Twitter @Candide_ZA

HET JY GEWEET?

- Bye versamel en vervoer manlike stuifmeel na vroulike plantdele sodat die plante kan voortplant, gedy en vermenigvuldig.
- Sowat een derde van al die kos wat ons eet is van bye afhanklik vir bestuiwing.
- Produkte afkomstig van bye is byewas en heuning.
- Daar is sowat 20 000 verskillende spesies bye in die wêreld.
- In Suid-Afrika is die twee belangrikste spesies die Kaapse heuningby (*Apis mellifera capensis*) en die Afrika-heuningby (*Apis mellifera scutellata*).
- Hedendaagse landboupraktyke, chemiese plaagdoders, enkelgewasverbouing, habitatverlies, siektes en klimaatsverandering het alles ’n baie groot impak op byegetalle regoor die wêreld.

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.

Hy sal jou nooit vergeet nie. Jesaja 49: 15-16

Wanneer ’n mens se wêreld geskud word en alle sekuriteit wegval, kan dit voel asof God teen jou gedraai het. Dit kan op verskeie maniere gebeur: Die diagnose van ’n lewensbedreigende siekte, ’n ernstige ongeluk, ’n finansiële krisis. Soms verander die aanvanklike krisis in ’n slepende uitgerekte lyding situasie waar die een trauma op die ander volg, dan wil die duiwel ons wys maak dat ons dit op een of ander manier verdien. Die beeld van Jesaja bevestig egter dat ons ’n Genadige Vader het wat ons nooit sal begewe of verlaat nie. Almal wat kinders het sal die intensiteit van ’n vader of ’n moeder se liefde kan bevestig. Ons Vader bevestig hierdie dat Sy liefde selfs meer intens en standhoudend is. Om doodseker te maak het ons Vader self ons name in Sy Handpalms gegraveer! Op ’n ander plek sê Hy: "Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne" (Jesaja 43:16). Wees dus verseker dat God jou nie vergeet het nie, Hy is by jou, Genade beteken om te rus in God se teenwoordigheid en af te sien van ons strewe om Sy liefde te verdien. God steek Sy Hande met jou naam daarop uit om jou op te tel en te dra as dinge te veel word.

Gebed: Dankie Hemelse Vader dat U my nooit sal vergeet nie. Dra my asseblief vandag deur hierdie beoewing.

Bron: Uit 'n dagboekie.
Ingestuur deur Heléne Howell

HELENDE HEUNING

Heuning word deur talle die natuur se kuur genoem. Dit bevat antioksidante en het antibakteriese eienskappe, en sommige mense reken dat dit selfs kanker kan help voorkom.

Heuning bied ook verligting van seisoenale allergieë en word deur baie mense gebruik om hoes en seer kele mee te dokter. Maar, waarsku die geesdriftige ondersteuners, maak seker jy koop rou, ongefiltreerde heuning. Dié wat in die supermark aangetref word, reken hulle, is dikwels gestroop van die voedingswaarde.

- Hier is nuttige wenke oor hoe om heuning tot jou voordeel te gebruik:
- Gooi ’n bietjie heuning in ’n glas loutwarm melk voor slaaptid vir ’n rustiger nagrus.
 - Maak ’n pasta van heuning, kaneelpoeier en water en smeer dit aan aknee areas. Los vir 15 minute aan en spoel met loutwarm water af.
 - Heuning is ’n natuurlike bevoigtiger en kan as ’n gesigmasker gebruik word.
 - Meng ’n halwe koppie heuning en ’n halwe koppie olyfolie en vryf dit in jou hare in. Spoel ná ’n paar minute af en was jou hare soos altyd.
 - ’n Teelepel heuning elke dag help die liggaam glo om weerstand teen stuifmeel en die verwante allergieë op te bou.
 - Heuning kan gebruik word om gebarste lippe mee te dokter.
- Geskryf deur: Medihelp. Bron: Élan

SKENK BLOED IN HEILBRON

SANBS is Essensiële Diens – Skenk bloed in Heilbron
Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) is deel van die Essensiële Diens en is operasioneel tydens die inperking. SANBS sal as gevolg van die inperking, hierdie maand twee geleenthede om bloed te skenk in Heilbron aanbied.

SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk, Dinsdag 26 Mei 2020 en Donderdag 28 Mei 2020 by die NG Suid-kerksaal vanaf 13:00 – 18:00.
SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Help SANBS om 'n bloedtekort te voorkom deur bloedskenking te ondersteun. Hierdie is 'n spesiale beroep op die publiek om 30 minute af te knyp om bloed te skenk.
Die minimum vereistes om 'n bloedskenker te wees, is:

- Tussen die ouderdom van 16-75 jaar
- Weeg meer as 50kg
- Geniet goeie gesondheid
- Leef 'n veilige seksuele leefstyl

SANBS wil graag alle gereelde bloedskenkers bedank en aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk.
Vir meer inligting, besoek ons gerus by www.sanbs.org.za of skakel tolvry 0800 11 90 31



Kan jy die driehoek na onder laat wys deur slegs 3 sirkels te beweeg?
(Om die bladsy te draai, tel nie!)

WHAT IS THE NEIGHBORLY NUMBER?

Brain Teaser

Arrange the numbers 1-9 so that the sum of the three numbers in any straight line (vertical, horizontal, diagonal) equals 15.
If you figure it out, take a picture of your answer and post it!

1	2	3
4	5	6
7	8	9

COZY WINTER TROWS (150CM X 200CM)
WAS R420 NOW R300

Jeep

CLOTHING FOR ALL LIFE'S ADVENTURES

SEDGARS

9C MARKET AVENUE | VEREENIGING | 1930 | TEL: 016 422 3804

NOW OPEN

ASSORTED CLOTH MASK FROM R15.00 each
for all Essential categories as stipulated in LEVEL 4

Infrared Thermometer
Care for life
Rapid measurement: 1 Second

R1500

PARKA JACKETS LESS 30%

SNIPER AFRICA

AL GEHOOR VAN DIE MIELIEBLAARKLUB

As jy nog nie gehoor het van die Mielieblaarklub nie, dan is daar nie fout met jou nie, net 'n bietjie jonk!

Of soos die ou mense gesê het – nat agter die ore.

Kan nie verstaan waar die gesegde vandaan kom nie? In Sotho sou hulle praat van 'n ngoana (kind)!

Toe die Herald verlede Vrydag die strate haal was daar heelwat terugvoering oor die klapperhaarmatrasse.

Ouboet Japie vertel dat hy eintlik net op mielieblaarmatrasse grootgeword het op die plaas Aberdeen waar sy oorlede pa, oom Piet, geboer het. Dit was nou 'n geneuk om elke jaar die matrasse tydens dorstyd eers te hervul.

Die woord “ouboet” lê so mooi op die oor en voer my ver terug na vriend wyle Hennie Bester wat graag die woord met soveel deernis kon gebruik. So asof jy 'n goeie mens is en hy waardering vir jou het!

Ouboet Japie vertel met soveel verlange na daardie jare waar hul nog met die dorsmasjien mielies gedors het – dit was die tydperk dat die mielieblaarmatrasse weer nuwe lewe kry.

Die ou matras-slope is leeggeskud van die vorige seisoen se blare en hervul met vars gedorsde blare. Die probleem was dat jy moes seker maak dat daar nie stronke per ongeluk inval nie, want dan het die stronke jou op plekke gedruk waar dit nie jeuk nie. Sou dit gebeur dan word die stronk eers opsy gedruk voor jy jou lê kon kry!

Daardie jare was eintlik voor die

klapperhaar tydperk! Die tydperk het ook sy staan gemaak in baie moeilike ekonomiese tydperke van die bevolking. Veral die boere-gemeenskap wat van die grond af moes opstaan na die Spaanse griep, depressiejare, groot droogte van 1933 en ook die wêreldoorlog.

Ounooi – soos die ouer garde se gebruik was – Ronel, het vanaf Pretoria laat weet dat sy nog haar oupa se twee ysterkatels met klapperhaarmatrasse het wat sy in haar gastekamer staan gemaak het. Wanneer sy die vertrek binnestap oorval die heimwee haar en die gemoedsrus swaar op die skouers. Sien nog hoedat nou ja, beter dit daar gelaat....!

As Heilbron een persoon het wat diep spore getrap het en 'n redelike onbekende in die huidige geskiedenisboeke is, was dit Johan Godfried Luyt!

Dit is die man wat waargeneem het as President van die Vrystaatse Republiek tydens 'n besoek van President M. T. Steyn aan President Kruger.

J. G. Luyt, prokureur, burgermeester, Heilbron se lid van die Vrystaatse Volksraad, en waarnemende President van die Vrystaatse Republiek was ook die eienaar van die huidige Kleuterskool, wat sy woning was. Dit het bekend gestaan as Cypress Lodge.

Hy was ook een van die ondertekenaars van die Vrede van Vereeniging na die Anglo Boereoorlog. Vertel later meer oor die

ander ondertekenaars.

Luyt is op 28-jarige ouderdom getroud met Mary Ann Christina Weilert wat 17 jaar oud was. Volgens die huweliksregister is hulle op 8 November 1880 getroud in die NG Moederkerk deur ds. D. J. Minnaar. Die klokke begin nou lui – Minnaarstraat,

Luytstraat. Terloops, hulle het 'n dogter gehad met die naam Mary, wat getroud was met Joel Herholdt. Onthou nog die Herholdt-swembaddens in die dorpe Heilbron, Petrus Steyn en Reitz? Heilbron se inwoners het op 28 Junie 1899 'n silwer teestel aan hom oorhandig vir dienste gelewer oa ook met betrekking tot die spoorlyn vanaf Wolwehoek na Bethlehem. Al die

inwoners het die toekenning onderteken.

Volgens 'n doodsberig in die Heilbron Herald van 6 Junie 1913 – *The deceased gentleman was a prominent personage in the Free State before the War and during Crown Colony Government. Practising as an attorney at Heilbron, Parys and Vredefort, he was a member of the Volksraad from 1885 until the annexation and was the last chairman when sitting in Kroonstad for one day in June 1900. During the war he figured as one of the military criminal judges under President Steyn.*

In 1906 is 'n medalje met Koning George se kop aan die voorkant en 'n grofsmid met 'n aanbeeld op die rugkant aan hom toegeken. 'n Gepaardgaande brief onderteken deur Heer Gladstone (Eerste Minister van Engeland) in

opdrag van Koning Edward VII het die medalje vergesel!

Time Gentlemen
Tom Watson



Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.



POSTNET HEILBRON

DOMESTIC & INTERNATIONAL COURIER SERVICES

INSURANCE • PACKAGING • TRACKING

Please hand in courier parcels not later than 10:00

LOCKDOWN TRADING HOURS

Monday-Friday: 09:00 – 14:00
Closed on Saturday, Sunday & Public Holidays

NEW PREMISES

42 Els Street, Heilbron, 9650
(next to Heilbron Herald)
Tel: 058 85 30 006
heilbron@postnet.co.za
www.heilbron.postnet.co.za

Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

VLEISSENTRAAL

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIJKSTE veilings

MAANDAG - 18 MEI 2020

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSdag - 19 MEI 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

ROODEDRAAI Twee-Maandelikse veiling.
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

VRYDAG - 22 MEI 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za

